


*TowerLantern Fotografie*  
**fotografienuus**  
junie 2022



Verrassing  
Lensopening: f3,5; Sluiterspoed: 13 sekondes; Fokale lengte: 23 mm



Het jy al ooit daaraan gedink dat jy met jou foto's kykers kan verras? Nog nooit nie? Wel, laat die gesprek rondom ons voorbladfoto jou dan tot ander insigte bring – die foto se titel is immers nie om dowe neutse “Verrassing” nie.

Soos met al die vorige uitgawes van Fotografienuus hoop ons dat daar in hierdie uitgawe iets is wat jou sal interesseer, selfs al is dit net die voorbladfoto's of die uitleg. Gaan gerus na ons webblad by <https://www.towerlantern.co.za/nuusbriewe.html> om 'n oorsig te kry oor die afgelope vyf jaar se uitgawes; en voorbladfoto's.

As gereelde leser behoort jy nou reeds te weet dat Towerlantern Fotografie vanjaar in sy 15e bestaansjaar is. Doen gerus die moeite om nie net ons staande herdenkingsartikels te lees nie, maar ook al die ander interessante en leersame besprekings.

Johan

**Redakteur:** Johan de Klerk

**Bladuitleg:** Fransa van [Colourcode Designs](#)

*Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbriewe?  
Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou  
die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings  
uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van  
Towerlantern self nie.*

*Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.*

---

## voorbladfoto

Daar is 'n mooi Afrikaanse spreekwoord wat sê “die oggendstond het goud in die mond” en 'n ander een wat lui, “as die son sak in die weste, is die luiaard op sy beste”. Bestudeer die voorbladfoto en besluit oor die foto, oos of wes, son of maan, oggendskemer of aandskemer, dag of nag?


Ons begin doelbewus met hierdie vræ om jou te dwing om weer na die voorbladfoto te kyk. Laat dit ook jou uitgangspunt wees om 'n kyker twee keer na jou foto's te laat kyk.

Wat is jou antwoord op bostaande vraag? Moenie die tegniese besonderhede miskyk nie. Die sluiterspoed van 13 sekondes sê dadelik dit kan nie die son wees nie, wes of oos. Dit laat net die maan.

Kyk weer na die foto, en spesifiek heel bo en let op dat daar sterre is (slegs as inligting, dit is die Skerpioen-sterrebeeld, Latyn: Scorpio). Dus kan dit nie skemer wees nie. Hoe dan?

Die antwoord is dat die foto teen ongeveer 20:00 op 18 Mei 2022 geneem is, toe dit reeds pikdonker was met slegs die stadsligte van Potchefstroom wat atmosferiese lig gegee het. Verras? Hopelik. En laat dit soms jou motief wees waarom jy 'n foto vir iemand wys.

Die foto is 'n voorbeeld van nag-landskapfotografie – lees gerus verder oor hierdie onderwerp en hoe jy dit self kan doen.




## UIT TOWERLANTERN FOTOGRAFIE SE GESKIEDENIS

2022  
- 15 jaar oud -

Opleiding van studente, in Towerlantern se geval fotografie-studente, het altyd tot gevolg dat daar meer en meer belangstelling in die saak kom. Met die fotografieklasse was dit dan ook geen uitsondering nie.

Daar is gevra na geleenthede om as groep saam foto's te neem of saam foto's te kyk. Daarom is daar teen Augustus 2012 begin met plaaslike foto-uitstappies, genoem *Kom neem saam foto's*. Dit het weer die behoefte laat ontstaan vir geleenthede wat ons genoem het *Kom kyk saam foto's*.

Anders as met langer en meer uitgebreide fotografilesessies wat in ons vorige uitgawe genoem is, byvoorbeeld na Namakwaland en Namibië, was die bedoeling met *Kom neem saam foto's* om dit op 'n weeksmiddag laat te doen. Uit die aard van die saak was dit dan baie plaaslik – en ook kosteloos. Die foto's hier en op die volgende bladsy toon voorbeelde van twee geleenthede.



Laaste lig, Lekwena,  
13 Maart 2013

Junie 2022

*Towerlantern*  
LESERSGESKENK



Om Towerlantern se 15 jarige bestaansjaar te herdenk, gee ons gedurende Junie die geleentheid aan 3 (drie) lesers van Fotografienuus om teen 'n 25% afslag ons eerstevlakkursus (aanlyn) af te handel. Die prys is normaalweg R1000 vir die kursus van 6 lesings. Gedurende Junie is die prys dus R750.

Vir volledige besonderhede, stuur 'n e-pos aan ons by [johan@towerlantern.co.za](mailto:johan@towerlantern.co.za). In die kursus kan jy verwag om meer te wete te kom van die werking van jou kamera en ook om meer te leer oor komposisie by foto's. Ons hoor graag van jou.

*Towerlantern Fotografie*  
- junie 2022 -

*Liggiefees, Abraham Kriel Kinderhuis,  
Potchefstroom, 21 November 2016*

*Touwerlantern Fotografie*  
*- junie 2022 -*

# Nag-landskapfotografie

In hierdie uitgawe van *Fotografienuus* gesels ons oor 'n afdeling van landskapfotografie wat bekend staan as nag-landskapfotografie. En die vraag is wat hiermee bedoel word.

'n Vinnige antwoord is dat dit landskapfotografie is wat in die nag gedoen is. 'n Meer omvattende antwoord, vir ons doel, is dat dit fotografie is waarby geen kunsmatige lig betrokke is nie; of hoogstens dan, effens, soos in die voorbladfoto, maar beslis nie direk nie.

Ons noem 'n paar voorbeelde om die gedagte verder los te kry: sterfotografie met 'n landskap; 'n watertoneel (waterskap); 'n Karoo-toneel wat slegs die veld met berge vertoon; 'n weerligtoneel met 'n landskap.



Omdat daar nie sprake van helder kunsmatige ligte is by die neem van nag-landskapfoto's nie, is dit belangrik om bewus te wees van 'n paar kamera-instellings.

Ons noem die volgende wenke om van kennis te neem:

- ✓ Kies 'n wye hoek, byvoorbeeld 18 mm.
- ✓ Kies die grootste lensopening, byvoorbeeld f3,5.
- ✓ Kies 'n hoë ISO-waarde vir 'n begin, byvoorbeeld 6400, maar verlaag dit om nie te veel ruis (Engels: *noise*) te hê nie.
- ✓ Kies 'n stadige (lang) sluiterspoed, byvoorbeeld 15 sekondes.
- ✓ Kies beslis 'n stewige driepoot.

Foto A is 'n eerste poging wat gelei het tot die voorbladfoto. Die instellings is soos volg: lensopening f3,5, sluiterspoed 15 sekondes, fokale lengte 23 mm, ISO moontlik 12 800 (is nie beskikbaar nie).

Foto B se besonderhede is die volgende: lensopening f11, sluiterspoed 30 sekondes, fokale lengte 100 mm.



Besoek gerus die Canon-blad by  
<http://bitly.ws/rU24>  
vir nog nagtonele.



# RIGLYNE

# VIR NAG-LANDSKAPFOTOGRAFIE

**KAMERA-INSTELLING:** As dit moontlik is, doen die opstelling, komposisie en basiese fokussering terwyl dit nog effens lig is. Kom andersins so goed as moontlik reg in die donker. Dit is beslis nodig om 'n driepoot te gebruik.

## TIPE LENS

Die standaard 18-55 mm lens sal ideaal werk omdat die toneel 'n landskap is.

## FORMAAT

Verkieslik landskapformaat vir die landskaptoneel.

## ISO

Begin met 'n hoë ISO-waarde, byvoorbeeld 6400. Verlaag die waarde as ruis 'n probleem skep en pas die sluiterspoed aan.

## WITBALANS

As jou kamera nie 'n naginstelling het nie, gebruik AWB of maak jou eie keuse of gebruik die Kelvin-stelling.

## FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING

As dit moontlik is, fokusseer terwyl dit nog skemer is. Andersins, fokusseer op 'n veraf lig buite die toneel.

## LENSOPENING

Kies die grootste lensopening, byvoorbeeld f3,5.

## SLUITERSPOED

Stel die sluiterspoed op 15 sekondes en eksperimenteer verder. Ignoreer die liniaal.

## FYN FOKUSSERING

Wees tevrede met die fokussering wat jy gedoen het; of herhaal die proses.



## Vertikaal EN Horisontaal


Ons het onlangs gehoor dat iemand sy selfoonfotografie-studente leer dat hulle nie hul selfone van die vertikale posisie na die horisontale posisie vir foto's mag draai nie. Dis heeltemal ongelooflik.

Hoe die boodskap ook al deur die dosent oorgedra is en hoe dit deur sy studente verstaan is, ons wil weereens die klem daarop lê dat beide posisies gebruik en beproef moet word.

Ons het in die Februarie-uitgawe van *Fotografienuus* juis hierdie saak beklemtoon. Ons plaas weer die foto's wat ons toe geplaas het, met dieselfde opmerking. Verduidelik asseblief aan al jou vriende dat hulle nie moet vasval by portretformaatfoto's nie. As dit nodig is, wys selfs die twee foto's en beskrywing hierby.

Tipies sal 'n landskap beter vertoon in landskapformaat en 'n staande persoon beter in portretformaat. Dit hoef egter nie altyd so te wees nie. Doen dan beide keuses en besluit agterna wat werk die beste. Bestudeer die voorbeelde hierby en besef dat landskapformaat hier wel die beste werk.





## MENING GEVRA: Specialiste of Generaliste?

As jou oë rek by die lees van hierdie titel, het ek begrip daarvoor. Ek vermoed *generaliste* is 'n Nederlandse term. Ek ken die uitdrukking egter jare lank, en dit sê ook lekker.

Wat ek hiermee wil vra, is, wat is jou fotografieliefdes? Is dit net een, hoogstens twee, byvoorbeeld mensfotografie, en spesifiek bruide. Of is dit meer, byvoorbeeld makro-, stillewe-, trein-, landskap- en impressionistiese fotografie. En dalk nog meer.

In my beroepslewe is daar gesê jy moet spesialiseer. Ongelukkig is / was my vakgebied egter sodanig dat jy wel meer algemeen moes dink as net eng, gespesialiseerd.

Dieselfde gedagte heers onder sommige fotograwe, naamlik om net een genre te beoefen. En ek verstaan dit; maar ek verstaan dit ook as iemand vir my sou sê hy / sy verkies 'n groter verskeidenheid genres. Miskien is dit dus die beste om 'n middeweg te volg en om almal se smake te respekteer.

Ons sou graag vir *Fotografienuus* se onthalwe jou standpunt wou verneem. Skryf asseblief vir ons, stel jou mening, noem jou liefdes, stuur selfs van jou foto's. Ons luister graag.

## 2022 SE FOTO-UITSTALLING

Ons het alreeds genoem dat Towerlantern hoop om DV hierdie jaar weer 'n foto-uitstalling aan te bied. Jy word nou reeds uitgenooi om hieraan deel te neem.

Neem asseblief dus nou al kennis van hierdie saak:

- Die uitstalling word beplan vir die tweede helfte van September 2022.
- Dit sal in die Snowflake-gebou, Potchefstroom wees.


- Dit sal 'n fisiese uitstalling wees en daar sal ook 'n aanlyn-aanbieding wees om geleentheid te gee vir fotograwe landwyd en selfs wêreldwyd.
- Begin nou reeds om foto's te versamel sodat jy later die bestes van jou bestes kan uitkies.

Meer besonderhede sal in die Julie-uitgawe van *Fotografienuus* gegee word.

*Towerlantern Fotografie*  
- junie 2022 -

# Kleurmodusse sRGB en Adobe RGB

As jy na jou kamera se spyskaart kyk, sal jy heel waarskynlik die afkortings sRGB en RGB teëkom. Wat word hiermee bedoel? Ons verduidelik dit soos volg.



Bron: [https://en.wikipedia.org/wiki/Color\\_space](https://en.wikipedia.org/wiki/Color_space)

By die weergee van kleur is twee baie belangrike prosesse van toepassing naamlik **ligweerkaatsing**, soos in drukkuns, en **deurgelate lig**, soos by elektroniese skerms. Ons gesels oor laasgenoemde.

Om kleur op 'n elektroniese skerm te kry, word drie primêre kleure gebruik, naamlik rooi, groen en blou (Engels: *red, green, blue* - daarom bekend as RGB). 'n Grafiese voorstelling hiervan kan met behulp van 'n kleurdriehoek gedoen word (soos in die voorstelling hierby). Hierdie is die stelsel wat algemeen in digitale kameras gebruik word en staan bekend as sRGB of Adobe RGB.

Soos wat 'n kleuter 'n boksie kleurkryte het (sê met 10 kleure) en 'n skilder 'n palet van kleure het (sê maar 50, waarmee nog baie kombinasies ook opgebou kan word), so het 'n elektroniese skerm (rekenaar of televisie) ook 'n palet van kleure. Dit staan bekend as 'n kleurmodus.

Vir 'n kamera is daar twee kleurmodusse, naamlik die genoemde sRGB (met 16,7 miljoen kleure) en Adobe RGB (met bietjie minder kleure). Beide keuses kan op 'n kamera gedoen word. 'n Goëie algemene keusereël is om Adobe RGB te kies aangesien jy dan meer kleurinligting het. Soms, as jy byvoorbeeld gebruik maak van 'n dataprojektor, is dit beter om minder kleurinligting te hê, kies sRGB. Dan is jy seker dit kan korrek weergegee word deur 'n ander elektroniese stelsel (byvoorbeeld 'n dataprojektor) wat op sRGB ingestel is.

## Is fotografie kuns?

Peet Ryke, Potchefstroom

Kan 'n foto regtig *kuns* wees? Of kan ons net van *kunstige* foto's praat? As ons na dié vræ kyk, moet ons sekerlik eers 'n ander vraag vra: "wat is kuns?" Die antwoord hierop is nie eenvoudig nie – mense definieer kuns op 'n verskeidenheid vlakke en maniere.

Een beskrywing: Kuns is die uitdrukking / vergestaltung van menslike verbeelding, kennis, en behendigheid – gewoonlik in een van vier takke, naamlik (*baie* breed gesien), visuele kuns, musiek, dans en literatuur. Dit met die doel om voorwerpe of ervarings te skep wat mooi is en / of emosionele krag het.

Bogenoemde kunsuitdrukking kan deur verskillende mediums gedoen word, waaronder juis fotografie (as visuele kuns).


Natuurlik beteken dit nie dat alle kunsvergestaltungen op dieselfde vlak is nie: die kwaliteit van kunswerke loop dwarsdeur die spektrum – van uiters swak tot uiters goed.

Wanneer is 'n foto dus kuns? Foto's word kuns wanneer menslike beheer 'n rol speel via die fotograaf se "oog", kennis, kreatiwiteit en behendigheid, die fisiese faktore rondom die beeld in die kamera se sigveld, en die tegniese moontlikhede van die kamera. Binne hierdie parameters kan 'n foto dan van swak tot goed uitkom! Bygesê, daar is ook die rol van "per ongeluk"!

Maar moenie geïntimideer voel dat jou foto's hogere kuns moet wees nie, nee! As jy die reëls vir goeie foto's geleer het, bietjie bedink het, behendig is met jou kamera en jy dink kreatief, klim dan in – daar gaan kuns uitkom!



Die "kuns" in *Die gesprek* lê in die komposisie, die unieke situasie, opstelling, lyne en "gevoel".




Die "kuns" in *Abstrak 1* lê in die beeld gevorm deur die weerkaatsing en fotorotasie.

## My fotografiebelangstelling

Werner Knoll, Zossen, Duitsland

Wat is my fotografie-belangstelling? Dit is altyd vir my 'n moeilike vraag om te beantwoord. Vandag is ek in Finland en die ysige meer en sneeuwoud is absoluut pragtig. Natuurlik spandeer ek al my vrye tyd tussen die bome en die sneeu. Ek ruil graag lense om, vir 'n ander perspektief, en neem die natuurlike lig deur die bome in ag wanneer ek foto's neem.

Maar as ek by die huis is, vind ek dat my gunsteling onderwerp my gesin is. Alhoewel ek soms my kinders 'n bietjie moet omkoop om deel te neem, kry ek hulle gewoonlik om



stil te sit vir 'n paar portrette. Maar later, nadat die suiker ingeskop het, aangesien smarties beter werk as wortels, moet ek tevrede wees met 'n paar "candid" foto's.

Ek is ook baie bevoorreg om 'n voëlvlug-uitsig oor die wêreld te hê as deel van my beroep. Ek werk op hoogte van +-150m en dit laat my toe om die skoonheid van die wêreld van bo af te sien. Jy sou dink dit beteken my kameratoerusting is ten minste verseker, maar helaas is dit nie. Wanneer ek foto's neem, verkies ek om nie my kameraband te gebruik nie, maar as ek op hierdie hoogte is, maak ek seker dat dit vasgeknip is.

Toerusting bepaal natuurlik ook waarvan ek hou om te skiet, met 'n makrolens en 'n 6-jarige seuntjie wat elke insek, slak en gogga huis toe bring, vind ek die moontlikhede is eindeloos. Dus, die kort antwoord sou wees: My fotografie-belangstelling verander volgens ligging, wat sommige sou sê is te omvattend, maar dan weer met die hele wye wêreld voor my lens is daar geen sin om jouself te beperk nie.



## *Kortstondigheid van fototonele*

Almal weet dat dit moeilik is om 'n foto agterna na te doen deur dit weer te gaan fotografeer.

As dit 'n landskaptoneel is wat jy wil nadoen deur dit weer te fotografeer, is die ligomstandigheid miskien net nie weer dieselfde nie. As dit 'n herfstoneel is, het die blare dalk na 'n paar dae afgewaai – maar daar is darem tog hoop om dit volgende jaar weer te kan afneem.

Die foto hierby wys 'n fototoneel wat eenvoudig net nooit weer nagedoen kan word nie – trouens dit het 'n baie kort leeftyd gehad.

Op 'n fotoreis moes ons deur modder ry met my wit Amarok-bakkie. Toe ons daarna stilhou is daar die wonderlikste patrone op die bakkie en foto's is geneem. Die foto hierby, *Modder-abstrak*, wys die toneel, wel effens aangepas deur die kleur meer versadig te maak.


'n Uur later het 'n bui reën die Amarok skoongewas.

## OP INTERNET GESIEN

Selffoonkamas is deesdae so goed dat mens enigiets daarmee kan afneem – selfs makrofoto's. Kyk bietjie na die top 10 foto's van Apple se "Shot on iPhone Macro Challenge" by: <https://bit.ly/3Gi2kMF>



## OP INTERNET GESIEN




Hier is die eerste foto van die agterkant van die Maan, geneem op 7 Oktober 1959 vanaf die Sowjet-ruimtetuig Luna 3.  
Bron: <https://bit.ly/39VatdA>



Die eerste naby-foto van Mars, geneem op 15 Julie 1965 vanaf die Amerikaanse NASA Mariner IV ruimtetuig.  
Bron: <https://bit.ly/3apqrgw>



Eerste naby-foto van Venus, geneem op 5 Februarie 1974 vanaf die Amerikaanse NASA Mariner 10 ruimtetuig.  
Bron: <https://go.nasa.gov/3NBapON>





**GAAN OP REIS**

*saam met Towerlantern*

Matterhorn (Wikipedia)

*Towerlantern Fotografie*  
- juni 2022 -



# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*

Daar is sommige berge in die wêreld waarvan die profiel so bekend is dat jy net by die aanhoor van die bergnaam die berg in gedagte kry. Een so 'n voorbeeld is Tafelberg by Kaapstad. En as jy 'n Namibiër is, Dikke Willem naby Aus. Ook Kilimandjaro in Kenia het 'n redelike bekende vorm.

Maar dan is daar die Matterhorn in Europa op die grens tussen Switserland en Italië (soos in die foto afgebeeld).

Die Matterhorn is 'n fotograaf se droom. Kom dus saam op 'n reis na dié beroemde berg. Soos gesien kan word is die berg 'n byna simmetriese piek. Met 'n hoogte van 4 478 meter is dit een van die hoogste bergpieke in die Alpe en in Europa.

Of jy dit nou kan bekostig of nie, plaas 'n reis na die Matterhorn beslis op jou wenslys.

Bron: <https://af.wikipedia.org/wiki/Matterhorn>




Om jou ekstra lus te maak, onderneem die twee virtuele bergritte (trein en sweefspoor) hierby na die naby-geleë Gornergrat en die Kleine Matterhorn. As dubbele lusmaker, let op na die mooi fotografie. <https://bit.ly/3wPIUMU> en <https://bit.ly/3PC82Nw>

# FOTO- *idees*

Idee 1: Neem enige foto met 'n sluiterspoed van 5 sekondes.

*Sluiterspoed 5 sekondes;  
Lensopening f25, ISO 100*



*TowerLantern Fotografie*  
- junie 2022 -



**FOTO-**  
*idees*

Idee 2: Neem enige foto met 'n sluiterspoed van 10 sekondes.

Sluiterspoed 10 sekondes;  
Lensopening f29, ISO 100

# FOTO- *idees*

Idee 3: Neem enige foto met 'n sluiterspoed van 30 sekondes of meer.

Sluiterspoed 30 sekondes;  
Lensopening f5.6, ISO 400

*Towerlantern Fotografie*  
- junie 2022 -